

## 11 Maart

Skrifgedeelte: 1 Konings 1: 5-10; 41-53

### Die mens wik, maar God beskik

Twee plegtighede by twee fonteine, elk met 'n priester aan diens. By die Rogelfontein word feesgevier saam met Adonia. As die oudste oorlewende seun van die bejaarde en verswakte koning Dawid, is hy die waarskynlike aanspraakmaker op die troon. Adonia self neem hoogmoedig die inisiatief om met hierdie fees sy verwagte koningskap te vestig en hy nooi die priester Abjatar en vir Joab (die hoof van die weermag) as eregaste, terwyl sy self-aangestelde lyfwag toesig hou.

Nie baie ver daarvandaan nie vind egter terselfdertyd 'n seremonie by die Gihonfontein plaas. Daar neem die priester Sadok en die profeet Natan die leiding met die horing salfolie uit die heiligdom in die hand en onder toesig van die bestaande koninklike lyfwag. Want Salomo word op bevel van Dawid as die nuwe koning gesalf.

In hierdie gebeure sien ons 'n skaduwee van wat 'n millennium later sou gebeur. Toe het God Jesus Christus gesalf as dié Koning van die konings terwyl die maghebbers van die wêreld (tot vandag toe steeds) hoogmoedig alles in hulle vermoë doen om hulle eie magsbasis te probeer vestig. Hulle selfbeplande pogings is egter vandag steeds net so futiel as wat Adonia se pogings tot selfbevestiging was.

Maar ook vir ons lewe geld die vraag: Soek ons eers God se wil om Hom na te volg, of maak ons soos Adonia eers self ons planne en verwag dan dat “die kerk” (Abjatar) by nabaat seën daarvoor moet uitspreek?

Genadiglik is daar hoop ook vir die hoogmoedige. Adonia kon aan die horings van die altaar gaan vasgryp om genade nadat hy sy misstap erken het. So kan ook ons deur die genade van die Here ons hoogmoed in ons lewens erken en bely en ons voluit op die genade in Christus werp.

Sing: Psalm 2:1, 3, 6

Ds HB Hattingh (Warmbad)